

DIE HUISGENOOT

Geïllustreerde Weekblad

Onder redaksie van J. M. H. Viljoen

Uitgee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad

DEEL XXII, No. 823

31 DESEMBER 1937

AAN DIE HOOFPOSKANTOOR
GEREGISTREER AS 'N NUUSBLAD

PRYS 4d.

NUWEJAARSVOORNEMENS

GOEIE VOORNEMENS self is alledaagse gebeurtenisse en Nuwejaarsdag soos elke ander dag. Maar neem hulle saam en ons het meteens 'n nuwe begrip geskep en 'n vonk laat blink in wat anders die grysheid dra van herhaling en futiliteit.

Juis hierin lê die besonderheid van nuwejaarsvoornemens en hierin hul vermoë om opnuut waardevol te wees: dat hulle saamval met 'n tyd waarin almal bewus is van afsluiting van werksaamhede, van stryd of van 'n lewenshouding; maar 'n tyd ook waarin almal voel, al is dit soms onbewus, dat 'n mooi en splinternuwe kans weer veelbelowend wag, dat daar herlewing is ook vir die mens, nes in die natuur met die koms van die seisoene.

Elke dag eis van ons die wil tot daad en die daad self; elke nag het sy stilte van oorpeinsing, waarin ons, voordat ons wegraak in die slaap, onself met die laaste lome wenteling deur die koelte van die bed gewonne gee aan die lewe. Want op die balansstaat van ons menswees word ons tot erkenning van verlies gedwing. Maar môre en môre-aand en elke dag daarna doen ons weer dieselfde: ons neem weer voor en as ons eerlik is, word die nederlaag weer erken, hoe traag ons ook al daarvoor is. Hierdie staal van onself tot lê en hierdie belydenis van mislukking — dit is die teken van ons geestelikeheid. Daarin lê die teenstelling wat hierdie lewe skoonheid skenk en mense van ons maak. Ons spankrag put ons daaruit en daaruit ons begrip van ander.

Maar omdat elke dag herhaal wat voorheen so eie geskyn het aan een besondere dag, omdat 'n handeling, vroeër met al die drang van die persoonlikheid daaragter, vaal verword tot 'n gewoonte soos was en eet, daarom verloor ons daaglikse voornemens hul waarde en hul sin, hou hulle hoogstens die betekenis van 'n reggeknopte das en 'n skoon paar skoene: 'n verveling vir jouself en vir jou medemens.

Maar nuwejaarsvoornemens — hoe heeltemal anders klink hulle nie! Soos 'n lastige kind draai ons

rond om die agtuur van Oktober en November en Desember, gretig en ongeduldig dat die jaar na sy einde moet gaan en met hom alles wat oud in ons geword het, alles wat lastig aan ons kleef — die aanpaksel en vuil van strewe en stryd. Dis met 'n byna koorsige drang dat ons verlang na 'n nuwe begin, na die eerste moed van sterk herbore wees in die nuwe jaar, dit in te gaan met jong krag en met vaste, doelbewuste gang. Agter ons

Oujaarsdag voel die meeste van ons dat daar agter ons van 'n volle jaar die arbeid lê, dat ons klaar is, afgehandel het; maar ook dat ons opnuut weer moet begin.

Môet begin — dis die eis wat elkeen homself onverbiddelik stel. En dis in hierdie dwang van aanvang en volharding in elke mens dat ons nuwejaarsvoornemens hul oorsprong het. Terwyl ons daaglikse voornemens dikwels die vorm aanneem van 'n figuurlike skop om dinge te doen waaraan ons g'n smaak of lus het nie en daarom maklik vervelig en betekenisloos word, het ons voornemens by die

Agitasie teen „Die Stem van Suid-Afrika”

DIE agitasie wat daar in sekere kringe gevoer word teen die gebruik van *Die Stem van Suid-Afrika* as een van die volksliedere van die land lewer andermaal die bewys hoe volkome onbewus sommige van ons Engelse landgenote is aangaande dié dinge wat vir die ander volksdeel van die allergrootste betekenis is. Uit verklarings wat in die pers gedoen is, het dit byvoorbeeld afdoende geblyk dat die agiteerders volkome onbewus daarvan is dat die F.A.K. by die keuse van *Die Stem* as volkslied van stap tot stap rekening gehou het met die Engelssprekende deel van die volk. Deur middel van die Engelse sowel as die Afrikaanse pers is uitnodigings aan die volk gerig om mee te ding. Trouens, daar is baie meer Engelse as Afrikaanse liedere ingestuur, wat, soos die voorsitter van die F.A.K. tereg verklaar het, die bewys lewer dat die Engelssprekende Afrikaners ook die behoefte voel aan 'n lied wat ons gemeenskaplike liefde vir die land sal vertolk. Ons kan ook nog vermeld dat die keurkommissie uit 'n gelyke getal Engels- en Afrikaanssprekendes bestaan het, en dat die keuse van *Die Stem* eenparig was. Dit is wel waar dat daar geen wettelike sanksie bestaan vir die gebruik van *Die Stem* as een van die volksliedere van die land nie; maar dit was dan ook nooit die doel van die F.A.K. dat daar nou al, of selfs in die nabye toekoms, deur wetgewing amptelike status aan *Die Stem* verleen sal word nie. Die doel was eenvoudig om een of meer volksliedere aan die volk voor te lê wat by amptelike geleenthede gesing kan word en waaruit die volk dan met verloop van tyd een kan kies. Immers, 'n volkslied kan nie deur 'n regering of watter liggaam ook aan die volk opgedring word nie; dit moet of spontaan by een of ander oomblik van krisis ontstaan, soos byv. met die *Marseillaise* die geval was, of dit moet langsaam met die volkslewe saamgroei totdat dit naderhand onafskeidelik daaraan verbonde is. Ons glo dat *Die Stem* in die afgelope paar jaar reeds so ingeslaan het dat dit goed op weg is om in die ware sin van die woord 'n volkslied te word. En sodra daar 'n Engelse vertolking daarvan bestaan, wat waarskynlik binnekort verwag kan word, sal dit meer en meer ook deur die ander volksdeel aangeneem word.

(Vervolg op bladsy 79.)

BESTEMMING

Om langsaam voort te drywe langs die kant waar skaduwees van groot sier-wilgers daal op kalm, vlak water met die kleur van staal, met weegbree en watersurings langs die rand, het ek geen lus nie. Liewerster verpand die skadu-vree vir wat ek kan gaan haal as ek stroom-afwaarts skiet om te verdwaal voordat ek eindelijk vind: 'n nuwe land. Die branding van die onstuimige oseaan— die reënboog bo—die boggelmaan se skyn— die skerp, getande rotse, oud soos tyd— die strand gestrooi met wrak van die orkaan— dit lok met lokking, smartelik soos 'n traan om voort te reis, vir wat sal kom, bereid: Vir selfs die hardste straf— onsterflikheid; waar wat ek is, vir altyd sal bestaan, en pyn, berou en smart nooit sal vergaan, en dubbelswaar moet wees my worstelstryd.

C. L. L.

wil ons die verlede hê — 'n jaar met wie weet wat se oes aan vreugde, of herinnering aan benoude noustrop-trek.

Rondom ons span alles saam, dwing dit ons om met die ingang van die nuwe jaar alles wat klaar en uitgedien is, af te lê: Die lande en die graan ryp stadigaan tot dowwe geel, die wingerde en boorde tot weelderige groen. En in versadiging van arbeid en van oes raak mettertyd die plase hier voor Kersfees stil. Met vaste sekerheid versamel die aarde sy kragte en sy geweld vir ander somers en 'n nuwe bloei. Al hierdie volryping, hierdie braak lê en wag en dadelose voorbereiding word opgeneem in ons en stu ons met sy dwang. Want met die koms van Kersfees en

nuwe jaar tog altyd 'n sekere plegtigheid: ons verbind ons teenoor onself, lê dikwels geloftes af teenoor die wesenlikste in onself. En ons het hulle nodig omdat ons sonder daardie herstel van balans wat hulle ons skenk, nie kán klaarkom nie. Ons wen vertrou en moed, maar veral herstel ons ons geloof aan onself.

Hierin lê hul waarde, en dié bly voortbestaan, selfs al kan ons die voornemens al lank nie meer onthou nie. Want die lot van ons nuwejaarsvoornemens is dieselfde as dié van al ons ander voornemens: vroeër of later gaan hulle tog tot niet; hul waarde egter bly naleef in onself: die vertrou wat hulle skenk en die moed en die onontbeerlike selfrespek.

Twee Letterkundige Prysrae

DRIE pryse van honderd, vyftig en vyf-en-twintig pond onderskeidelik word deur die bekende uitgewersfirma J. L. van Schaik van Pretoria uitgelooft vir die beste historiese roman in Afrikaans „oor 'n onderwerp of 'n tydperk uit ons geskiedenis tussen 1652 en 1881.” Benewens die prys sal die skrywer nog die gewone outeursaandeel uit die opbrengs van die boek se verkoop kry. Vir Suid-Afrika is dit 'n heel liberale aanbod, en as 'n prysvraag die nodige aansporing kan lewer tot die skepping van die Afrikaanse historiese roman waarop ons nog altyd tevergeefs wag, dan behoort daar nou hoop te wees.

Wat die tydvak betref, stel die firma Van Schaik hom min of meer op die standpunt wat gewoonlik deur die staat ingeneem word: wat voor 'n sekere datum plaasgevind het — gewoonlik word die tydperk vyftig jaar gestel — behoort tot die geskiedenis en wat daarna gebeur het tot die party-politiek of die dinge wat nog 'n persoonlike kleur kan dra. Vermoedelik is dit om hierdie rede dat een van die oorloë tussen Boer en Brit ingesluit en die belangrikste van die twee buite die vasgestelde tydvak gelaat word.

Tegelykertyd met die mededeling van Van Schaik het ons 'n skrywe van die Krugersdorpse Munisipale Vereniging vir Drama en Opera ontvang waarin besonderhede vermeld word van 'n prysvraag vir 'n drama gebaseer op die geskiedenis van die Groot Trek.

Daar is afsonderlike afdelings vir Afrikaanse en Engelse mededingers en in elke afdeling word 'n prys van vyftig pond uitgelooft. Een persoon mag in albei afdelings meeding, mits hy net nie in die tweede geval 'n vertaling of verwerking instuur van 'n stuk wat reeds in die ander afdeling ingeskryf is nie. Die ingesonde stukke moet uit nie minder as drie bedrywe bestaan nie en binne 'n tydperk van twee tot drie uur opgevoer kan word. Verdere besonderhede van die wedstryd kan van die sekretaris verkry word — posbus 24, Krugersdorp.

Die sluitingsdatum van die wedstryd is 1 Junie 1938 en manuskripte vir dié van Van Schaik sal ingewag word tot 16 Desember 1938.

VALLENDE SIEKTE

PHALONE ←

Lyers aan Vallende Siekte word uitgenooi om die onderstaande Koepon in te vul en dit vandag nog te pos. Die „PHALONE” A. Agentskap.

Posbus 37, Bethal, O.V.S.

Stuur my asseblief kosteloos u Boekie oor „Die behandeling van Vallende Siekte,” ens.

Naam.....
Adres.....

'N HUIS SONDER
„DIE HUISGENOOT”
IS 'N HUIS SONDER GENOT

GEKRUL VAN DIE MAAGPYN!

Nou 'n „Ander Mens”

Word u gefolter deur maagongesteldhede? Is u bang om selfs die eenvoudigste maaltye te nuttig? Wel, dan is hier goeie nuus vir u, want u kan beslis verligting kry soos blyk uit hierdie brief. Dit kom van mnr. J. W.

„Daar ek nou ten volle herstel is van strawwe maagpyn, voel ek dat ek nie kan gaan sit en my maaltye kan geniet voordat ek u bedank het vir u „Maclean Brand” maagpoeier nie. Ek het begin deur alle soorte tonikas en middels te probeer, maar hulle het net vir 'n tydjie verligting verskat, en dan was die pyn weer so erg as ooit tevore.

„Een aand toe ek tuis kom, het ek gekrul van die pyn. My suster vertel my toe van 'n vriend wat aan maagpyn gely het, en beveel u poeier aan. Ek kan eerlik sê dat dit 'n ander mens van my gemaak het.”

Wat „Maclean Brand” maagpoeier in hierdie geval gedoen het, kan dit ook vir u doen. Kry vandag 'n bottel — maar sorg dat u plaasvervangers vermy. Vra om „Maclean Brand” maagpoeier en sorg dat u die handtekening „ALEX. C. MACLEAN” op die bottel en kartondosie sien. Prys. 3/6 (Poeier of tablette.) S.A.15



Die ekte Maclean-maagpoeier word nooit los verkoop nie. Pas op vir namaaksels en sorg beslis dat u hierdie verpakking kry met die merk „Alex. C. Maclean”

Die Afrikaanse Radiodiens

DIE RADIOKOMITEE van die Skakelkomitee van Afrikaanse Verenigings van die Kaapse Skiereiland vestig ons aandag daarop dat hy tot dusver heel weinig mededelings van inluisteraars ontvang het in verband met die opvangs van programme vanuit Robertshoogte. Die komitee wil baie graag 'n beeld kry van die veld wat deur die senders Klipheuwel en Robertshoogte gedek word en tewens vernem in hoever die programme voldoen aan die eise wat deur stedelike inluisteraars aan die een en deur plattelandse inluisteraars aan die ander kant gestel word. Hy wil belangstellendes, dus nogmaals om kommentaar vra. Briewe kan per adres *Die Huisgenoot* gestuur word.

UIT berigte wat in *Die Volksblad* verskyn het, lyk dit asof Bloemfontein en omstreke baie teleurgestel is met die opvangs vanaf Klipheuwel sowel as Robertshoogte. Die gevolg is dat die Afrikaanse inluisteraars in daardie streek nou ten opsigte van die meer Afrikaanse B-program slegter daaraan toe is as voorheen. Die Engelse A-program word natuurlik net so goed opgevang as voorheen, maar dit bevat feitlik geen Afrikaans nie.

As 'n oplossing word voorgestel dat daar 'n nuwe heruitsaai-stasie opgerig sal word vir Bloemfontein en omstreke, of dat die Bloemfonteinse heruitsaai-stasie omgeskep sal word tot een vir lang golwe, wat dan dié van Robertshoogte en Klipheuwel vir die Vrystaatse streek sal versterk.

Noem asb.

DIE HUISGENOOT *wanneer*
u aan adverteerders skryf